**Dinsdag 13 September**

**Skrifgedeelte: Matteus 10:16-20**
**Fokusgedeelte: Matteus 10:16**

## Gaan bely – ’n gevaarlike opdrag!

’n Paar skape tussen ’n klomp honger wolwe … Dis moeilikheid soek, dis ongehoord. Is skape so dom? Nee, hulle is nie dom nie, dit is hulle opdrag!

Die Here stuur sy dissipels die wêreld in om te gaan bely, maar terselfdertyd kom die waarskuwing: Dis gevaarlike werk! Hierdie skrikwekkende en skynbaar onregverdige opdrag maak mens huiwerig. Jy is jou lewe nie meer seker nie. Byna al sy apostels is immers gewelddadig vermoor, en dink net hoeveel mense het al as martelare gesterf.

Hoe kan die Here Jesus, wat die bewys van God se liefde is, vir ons so ’n gevaarlike opdrag gee? Hy kan, en Hy doen dit omdat Hy alle mag het – selfs oor die dood! Dit het Hy onteenseglik bewys deur dooies op te wek en self ook uit die dood op te staan. Ons kan ’n wolwewêreld instap en vreesloos bely, want niks kan ons van sy liefde skei nie … nie eers wrede vervolging en selfs die dood nie. Dit het derduisende dissipels van die Here al oor die eeue bewys.

Alhoewel dit ’n baie gevaarlike opdrag is, gee die Here daarmee saam ’n strategie: *Wees dus versigtig soos slange en opreg soos duiwe.* Om versigtig te wees, beteken dat jy nie enige plek sommer halsoorkop met jou belydenis moet instorm nie. Onthou hoe subtiel Paulus die Grieke op die Areopagus benader het toe hy van die “onbekende god” gepraat het.

Opregtheid is weer iets wat indruk maak, want dit dui op eerlikheid en geloofwaardigheid. Dink hoe Dawid volgens 1 Samuel 26 die geleentheid gehad het om Saul, wat hom agtervolg het en hom om die lewe wou bring, dood te maak, maar hy doen dit nie. Hy bly opreg voor die Here.

Jesus stuur ons wel soos skape tussen wolwe in, maar ons is in Hom en deur Hom meer as oorwinnaars!

*Sing: Skrifberyming 5-5:1, 2*

*Dr. DJ (Danie) de Kock (Krokodilrivier)*